DIE PIENK BOEKIE

VROUELIDMATE – NG KERK IN NOORDKAAP

NOVEMBER 2010 NUUSBRIEF NR 92

Ek kniel ook voor u voete, Heer,

U, Jesus, is my lewe !

Saam met die herders kniel ek neer.

God het my skuld vergewe !

O neem my denke, wil, gevoel;

Laat streef my na die hoogste doel-

om tot u eer te lewe!

Lied nr 346:1

INHOUDSOPGAWE

Die tjilp van 'n Mossie	Bl. 03
Boodskap van Uittredende Voorsitter	Bl. 07
Vrouefees Nuus	Bl. 12
Walles se snoephoekie	Bl. 13
Teetyd	Bl. 15
Boodskap vir Huisverlaters	Bl. 38
Kom ons lees	Bl. 42
Die lewe het nie 'n "rewind" knoppie	Bl. 43
Beplanning 2011	Bl 45
Inskrywingsvorm vir 2011	Bl. 47

Met 2010 in sy doodsnikke, kan ons almal terug kyk op 'n bedrywige jaar. 'n Jaar vol hoogtepunte en baie uitdagings en ook hier en daar laagtepunte. Kom ons haal uit 2010 die goeie en bou daarop voort in 2011. Baie dankie aan elkeen wat deur die jaar 'n bydrae gemaak het vir *DIE PIENKBOEKIE*. Sonder julle hulp kan ons nie 'n sukses maak hiervan nie. Dankie Fernette vir al jou ure se insit om die boekie te versprei.
Aan elke leser wens ek 'n ware Geesvervulde feestyd toe. Aan die wat ry – ry mooi.

Onthou ons VROUEFEES in Mei 2011. Dit is beslis nie iets wat jy kan mis nie.

Groete van huis tot huis

Janetta

Die tjilp van ‘n Mossie

Deur Ds Mossie Mostert Predikant in Sinodale Diens Kimberley

Sinodesitting van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland

11-14 Oktober 2010

Die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland het tydens die onlangse sinodesitting baie besluite geneem.

Op hierdie stadium lig ek net ’n paar besluite uit:

GEMEENTEBEDIENINGSFONDS - VERGOEDING VAN PREDIKANTE

1. Die sinode neem met groot empatie kennis van die taakspan vrouelidmate se kommer oor die vergoeding van predikante wat nie op die regte kerf vergoed word nie.
2. Gemeente en ringe word herinner aan die sinodale gemeentebedieningsfonds wat daar is om hierin te help.
3. Ringe word versoek om toe te sien dat gemeentes aansoek doen by die gemeentebedieningsfonds.

SAMESTELLING TAAKSPAN VROUELESSENAAR (NK)

Die sinode besluit dat :

1. Die taakspan vrouelessenaar (NK) ringsgewys saamgestel word tydens die Vrouefees.

BEDIENING EN BEDIENINGSTRUKTURE: NOORD-KAAPLAND HET BESLUIT....

1. Die sinode bely en besluit dat die bediening en bedieningstrukture in ons kerk opnuut ondersoek en in die lig van die Woord en die uitdagings van ons tyd aangepas moet word.

2. Die sinode wil in gehoorsaamheid aan die Here, elke lidmaat, gemeente en ring uitnooi en versoek om deel te word van hierdie poging sodat die liggaam van Christus kan groei na sy beeld en sodat elkeen in liefde sy en haar funksie kan vervul en uitleef. (Ef. 4)

3. Die sinode besluit om hierdie hele saak met al die aanbevelings beskrywingspunte, besluite en bespreking na 'n spesiale taakspan "Bedieningsvernuwing" te verwys, wat soos volg saamgestel word:

   i. 2 lede deur elke sinodale kommissie genomineer, asook 2 lede van die taakspan predikanteversorging, asook 2 lede van die voormalige taakspan kerkbegrip en bedieningsvernuwing.

   ii. Die spesiale taakspan het die reg op verdere koöptering.

   iii. Die taakspan word versoek om na elke vergadering met ringe en gemeentes te kommunikeer ten einde maksimum deelname te verkry.

4. Die taakspan word gemagtig om in oorleg met die ander kommissies van die sinode voor die volgende sinodesitting visioneringsprogramme en inisiatiewe te implementeer, aan die hand van die beskrywingspunte en besluite van die sinode.

5. Die taakspan word versoek om die volgende vergadering van die sinode met 'n volledige verslag en praktiese aanbevelings te bedien vir die implementering van skrifgefundeerde bedieningspraktyke wat aan die uitdagings en eise van ons tyd kan voldoen.

6. Die taakspan word versoek om ook met verteenwoordigers van ander sinodale streke en fakulteite te skakel ten einde bestaande inligting en programme te benut.
7. Ander taakspanne en kommissies van ons sinode word versoek om lede en begrotings beskikbaar te maak as 'n prioriteit vir hierdie spesiale taakspan.
8. Die begroting van die taakspan sal in oorleg met die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning gefinaliseer word.

Die taakspan bedieningsvernuwing het op 27-28 November 2010 vergader. Tydens die vergadering is die sinode se besluit bespreek.... eersdaags sal meer inligting bekend gemaak word.

DIAKONAAT

Die sinode besluit dat

1. alle kerkrade opgeroep word om intens te besin oor 'n lewende, aktiewe barmhartigheidsbediening (diakonaat) in en vanuit (missionêr) elke gemeente.
2. 'n taakspan diakonaat saamgestel word bestaande uit 'n minimum van 6 lede met die volgende opdrag, nl.
   i. dat dit gefokus navors en op 'n deurlopende basis aan gemeentes, kerkrade, diakonieë en bedieninge inligting deurgee.
   ii. dat die taakspan diakonaat met NG Welsyn Noord-Kaap sal saamwerk in die ontwikkeling van gemeente- en gemeenskapsgerigte programme met 'n onvervreembare Woord en daadkarakter.
   ii. dat 'n diakonale konferensie gereël word met die fokus op gemeentes, kerkrade, diakonieë, bedieninge en gemeenskappe – verkieslik nie later as einde Maart 2011 nie.

iv. dat spesifiek navorsing gedoen word oor die moontlikhede wat die gereformeerde kerkreg en –geskiedenis bied vir die kreatiewe groei van 'n lewende, gefokusde diakonale gestaltegewing en – diens binne gemeente en samelewing/wêreld.

3. kennis geneem word van die riglyne met betrekking tot 'n lewende en effektiewe diakonaat vir vandag se wêreld (sien punt 7 onder motivering: riglyne barmhartigheidsbediening/diakonaat).

4. 'n geleentheid vir 'n tafelgesprek oor Galasiërs 6:10 in die huidige konteks (gestuurde gemeentes/missionêre teologie) gegee word met terugvoer aan die vergadering.

5. die begroting van die boekjaar 2011/2012 ten bedrae van R66,720-00 en die boekjaar 2012/2013 ten bedrae van R79,220-00 na die tydelike kommissie vir hulpdienste verwys word.

Groete

Mossie

…God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun. Wie die Seun het, het die lewe … julle wat in die Seun van God glo.

1 Joh. 5: 11-13

Vanaf Uittredende Voorsitter

Liewe Vriendinne

LEES ASSEBLIEF END-UIT AL RAAK DIT VERVELIG, WANT DIE BRIEFIE BEVAT DIE INLIGTING WAARVOLGENS VROUEWERKSAAMHEDE IN ONS STREEK GEORGANISEER WORD – SEBLIEF?

Dis nou so bietjie meer as twee jaar gelede dat Ds Mossie ernstig in die Pienk Boekie gesoek het na vrouens wat bereid sal wees om ? Vrouefees te reël, nadat die Taakspan Vrouelessenaar leierloos geraak het met die vertrek van Mev A van Schalkwyk. Geen reaksie het uit vrouegeledere gekom nie en ds Mossie het uiteindelik tydens die Sinode vir die afgevaardigdes ? paar name gevra wat hulle kan aanbeveel om ? kernspannetjie te vorm, waarmee ? nuwe begin gemaak kon word. Op die manier het ons November 2008 vir die eerste keer bymekaar gekom en het dit uitgeloop op die Vrouefees in Mei 2009. Tydens die Fees is een persoon per ring aangewys om ? nuwe uitgebreide Taakspan te vorm.

Dit was my voorreg om as voorsitter van hierdie groep vir twee jaar te dien. Die Taakspan het ? aantal besluite geneem waarvolgens die aktiwiteite in ons sinodale gebied in die toekoms georganiseer gaan word:

- Die naam *Taakspan Vrouelessenaar* is eerstens *Taakspan* omdat ons ons taak/opdrag, om spesifieke vrouesake te hanteer, tweejaarliks van die Sinode ontvang en tweedens *Vrouelessenaar*, omdat dit ook op Algemene Sinodale vlak so genoem word, waar dit ook soms nodig is om met anderstaliges te kontak en Vrouelessenaar dan maklik vertaal kan word tot *Women's Desk.* Dit beperk ook nie wat bespreek kan word nie. Alle streekssinodes

het verteenwoordiging hier en hierdie Taakspan Vrouelessenaar(Algemeen) ontvang weer sy opdragte van die Algemene Sinode.

- Die opdrag wat NKaap Sinode op die pas afgelope sinodesitting aan die Taakspan toevertrou het, is die volgende:

Die sinode besluit dat:

die taakspan vrouelessenaar (NK) ringsgewys saamgestel word tydens die Vrouefees.

MOTIVERING

1. Skakeling met algemene taakspan vrouelessenaar by wie se opdrag van die algemene sinode die taakspan vrouelessenaar NK aansluit:

   (i) doen navorsing sodat vroue se behoeftes onder die aandag van die streek- en algemene sinode gebring en aangespreek kan word

   (ii) adviseer algemene sinode in verband met beleid wat t.o.v. vrouelidmate gevolg moet word

   (iii) mede-verantwoordelik vir geestelike begeleiding en toerusting van vrouelidmate

   (iv) ontwikkel nuwe, eietydse en relevante materiaal vir toerusting en Bybelstudie

   (v) bevorder skakeling met vrouelidmate van NGK-families en ander denominasies

   (vi) dra by tot bemagtiging van vrouelidmate om tot genesing en opheffing van ons land betrokke te raak (gesinsgeweld, vigs, armoede, aborsie, verkragting)

(vii) koördineer inter-sinodale netwerke om te besin oor uitdagings en behoeftes

(viii) skakeling met ander taakspanne t.w.v. koördinering van werksaamhede

(ix) fokus op spesifieke sake soos deur taakspan besluit

2. die taakspan vrouelesssenaar (NK) se visie is: *Christenvroue wat leer, leef en dien met liefde.*

3. die Taakspan Vrouelessenaar se missie is: *Die taakspan se missie is om vroue te inspireer en van God te leer, om jou naaste lief te hê en om diensbaar te wees.*

4. Die taakspan reël 'n tweejaarlikse Vrouefees waarna elke gemeente ten minste twee vroue spesifiek afvaardig, maar waarby alle vroue welkom is

5. Die Taakspan inter-gemeentelike kommunikasie bewerkstellig d.m.v. die Pienk Boekie – die amptelike nuusbrief van die taakspan

6. Die Pienk Boekie elektronies kosteloos aan alle vroue beskikbaarstel en so tot 'n effektiewe manier van kommunikasie en ondersteuning bydra

7. Skakeling tussen gemeentes op ringsvlak aangemoedig word om gemeenskaplike uitdagings die hoof te bied

8. Die taakspan het ten doel om in spesifiek geestelik en selfs emosionele behoeftes van vroue te voorsien

9. **Wie moet opdrag uitvoer?**

(i) Vrouefees 2011: Ring van Warrenton in samewerking met taakspan vrouelessenaar

(ii) Pienk Boekie: Redaksie saamgestel uit verteenwoordigers uit elke ring

(iii) Ondersteuningsnetwerk vir vroueleiers in gemeentes:

- Taakspanlede koördineer en dra inligting aan gemeentes in ring oor; motiveer gemeentes
- Taakspan sal materiaal versamel en elektronies beskikbaar stel op Webwerf van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland ten opsigte van geskikte Bybelstudie, moontlike sprekers, idees vir ringsfeeste, jaartemas ens.

10. **Samestelling van taakspan, kommissie**

Een vrou per ring, tweejaarliks verkies tydens Vrouefees. Uitvoerende komitee word uit lede verkies. Huidige taakspan in 2009 saamgestel, dien tot 2011.

So is die Taakspan Vrouelessenaar (Algemene Sinode) saamgestel uit al die voorsitters uit die 9 verskillende sinodale streke en in 2010 ook iemand uit Zimbabwe. Hierdie vroue vergader jaarliks oor drie dae in Maartmaand en poog om vrouesake te ko-ordineer, by mekaar te leer en die stem van die vrou in die kerk te wees. Die afgelope jaar is die baie geslaagde Women's Ministries Convent gehou, waar vroue uit die hele NG-familie saam oor sake van belang besin het.

In vele opsigte, ook in ons Sinodale streek, staan die werk in sy kinderskoene, sekerlik omdat ons aan ? reformerende kerk behoort en verandering om te kan aanpas by veranderende omstandighede nodig is. Tog is op elke vlak – gemeentelike, rings, sinodale en algemeen sinodale vlak in die onlangse tye ernstig kommer uitgespreek oor die aanslag teen die kerk. Hierdie aanslag neem vele vorme aan, maar die een wat soos termiete knaag, onsigbaar maar dodelik, is die gedagte dat die NGK se tyd verby is. Dis sogenaamd "te koud, te styf, te calvinisties, te gereformeerd" of moet ons dalk sê "te steunend op genade alleen, sonder verdienste"? Dis nodig dat ons telkens biddend ondersoekend sal wees, maar dis van kardinale belang dat ons sal kennis neem dat die aanslag teen God se kinders ? baie vroom gesiggie kan hê.

Vir die volgende twee jaar sal Mev Louise Oosthuizen die voorsitter wees. Die voorsitter word van Augustus tot Augustus verkies, sodat daar altyd kontinuiteit is. Volgende Mei, tydens die Vrouefees, word die Taakspan weer vir twee jaar saamgestel. Ons het ons eerste treë na ? nuwe bedeling gegee in afhanklikheid en in geloof. Mag die Here ons menslike pogings seën en tot die uitbreiding van sy Koninkryk gebruik.

Baie dankie vir die twee jaar wat ek kon dien as voorsitter. Ek het die voorreg gehad om vele lewensverrykende ervaringe in hierdie tyd te kon hê.

Annette Jooste

Gedagte vir die maand:

In Desember herdenk ons Christus se geboorte. Mag sy Gees ons in die tyd weer herinner dat Hy – die Koning – weer kom en dat elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sal buig en sal erken:

"Jesus Christus is Here !"

Tot eer van God die Vader.

Uitgeneem uit: Dagbeplanner vir die Vrou (2004) - Judy Venter

VROUEFEES

13 -14 Mei 2011

Op 13 en 14 Mei gaan ons vroue van die Noord-Kaap, by Pro Regno kuier dat die biesies bewe. Die gasspreker by die geleentheid is Amanda Swanepoel van Melkbosstrand. Sy gaan met ons gesels oor ons Visie: Christenvroue leer, leef en dien met liefde.

Amanda is baie bekend vir die Bright Star-kursus wat sy landwyd aanbied. Sy is ‘n boeiende spreker, met ‘n baie gemaklike styl. Dit maak dat vroue gewoonlik by haar aanklank vind.

Tydens dié twee dae gaan ons ook met mekaar gesels oor die spesifieke behoeftes van die vrouelidmaat in die NG Kerk, veral in die Noord-Kaap. Daar moet ook weer ‘n nuwe taakspan saamgestel word en daarom versoek ons elke gemeente om te poog om minstens 2 persone na die kuierfees te stuur. Soos gewoonlik sal daar verrassings en klein bederfies wees. Een van die lekkertes is dat ons almal net weer ‘n slag ons tenkies kan vol maak.

Die taakspan bestaan uit een persoon uit elke ring, wat daardie ring dan by die twee vergaderings van die Sinodale taakspan moet verteenwoordig. Hierdie persone sal verder saam beplan oor maniere waarop ons die vrouelidmate in die Noord-Kaap kan help om hul Christenskap maksimaal uit te leef. Uit hulle geledere word die uitvoerende komitee verkies.

Hou die volgende Pienkboekie dop vir inligting oor die inskrywings. Ek sien uit daarna om u almal by die Vrouefees te sien!

Groete in Christus

Louise Oosthuizen

WALLES SE SNOEPHOEKIE

Cassatakoek met sjokoladesous

Hierdie heerlike poeding maak ek elke Kersfees, want ek kan dit lank voor die tyd maak en in die vrieskas sit. Dit lyk ook indrukwekkend!!

Bestanddele:

1 rolkoek

500ml room

100ml strooisuiker

12 heel glanskersies, in stukkies gesny

125ml waatlemoenstukke of gemmerkonfyt, in stukkies gesny

125ml gekapte neute, enige soort

Metode

Bespuit 'n broodpan van 23 x 13 x 7cm of 'n mooi vormbak met volume van 1.25L en voer met kleefplastiek uit.

Sny rolkoek in dun skyfies en voer wand en boom van bak uit – pak styf teenmekaar.

Klits room styf en voeg alle bestanddele by.

Skep op die rolkoekskyfies, maak gelyk en bedek met kleefplastiek.

Bevries.

Sjokoladesous

200g melksjokolade

125g botter of margarine

50ml melk

Verhit alles oor kastrol met kookwater. Roer tot net gesmelt.

Ontvorm cassatakoek, sny in skyfies en bedien met sjokoladesous.

===/===/===/===/===/===/===/===/===

Kerstyd is altyd vir my Germmerbier en gemmerkoekie tyd... Wie maak nog hul eie gemmerbier? Hier volg 'n resep vir daardie persone wat hul eie gemmerbier wil maak.

Huipie se Gemmerbier:

15 wynbottels water
4 ½ lbs suiker (9 koppies)
½ pakkie tartaric
1 pakkie cream of tartar
2 teelepels droeë suurdeeg
2 eetlepels gemmer
20 rosyne

Meng alles en roer tot alles opgelos is. Laat staan vir 24 uur .

Gooi deur en drink heerlik.

Teetyd saam met ander gemeentes

Uit Kakamas se groen wingerde...

Ons het ‘n baie geseënde jaar beleef in 2010. Ons het ‘n reuse Fonds-insameling gehad, waartydens Jannie Moolman opgetree het en net oor die 300 gaste het dit bygewoon! Die Vrouediens en vroue van die gemeente het hande gevat om hierdie jaar weereens ‘n rekord bedrag in te samel tydens ons Basaar. En ons jeug het sommer baie oplewing getoon met die besoek van 13th Floor! Ons kan dit hulle definitief aanbeveel vir ‘n Jeugweek!

Vir die res van die jaar lê ons Kerssangdiens nog voor wat DV 21 November 2010 sal plaasvind. Dit is ‘n fees geleentheid waartydens ons Kerkkoor, Skoolkoor en ‘n paar ‘ingevoerdes’ hul stemme gebruik om die Here te loof!

Ons is tans in ons Feesjaar! Ja, Kakamas gemeente word 100 jaar oud! Ons het van Junie af, eenkeer ‘n maand ‘n Fees-prediker (inboorlinge van Kakamas of wat op een of ander tyd verbind was by ons gemeente), wat vir ons ‘n boodskap bring. Die Basaar (29 Julie 2011) gaan afskop met ‘n gas-kunstenaar – maar WIE, is nog op die oomblik staatsgeheim! Tydens die basaar gaan die Vrouediens ook ‘n Resepte-boek bekendstel met Kakamas se vrouens se top resepte! Hou maar die ore oop, bestellings is welkom! Tannie Juanne Strauss is ook in beheer van ons Eeufees Gedenk album en vermaak ons elke Sondag met ‘n stukkie geskiedenis!

Ons wil sommer net van ons kant af vir al die gemeentes asook spesiaal vir die Vrouedienste ‘n Geseende Kersfees toewens! Mag God hierdie jaar vir elkeen van julle’n spesiale present onder die boom plaas!

“Mag God vir jou die lig van Kersfees gee wat geloof is; die warmte van Kersfees wat liefde is; die luister van Kersfees wat reinheid is; die geregtigheid van Kersfees wat regverdigheid is; die geloof in Kersfees wat die waarheid is en die volheid van Kersfees wat Christus is.” Wilda English

Kakamas Groete

Sterkte met julle Feesvieringe. Hoop julle vertel volgende jaar vir ons meer daarvan.

‘n Warm, somer, sonskyn Kersfees in Upington

In Upington is dit hierdie tyd van die jaar kuier tyd - familie en vriende kuier oor en weer. Sommige van ons pak die tasse vir ‘n lekker vakansie – miskien by die see, by familie of waar ook al. Ander van ons kry gaste wat vir die Kerstyd by ons kom kuier. En dan is daar die van ons wat met Jan Tuisbly se karretjie gaan ry en Kersfees by ons huise op Upington gaan wees. En dit is amper die lekkerste, want ons het pragtige skoon someraande en kan tot laataand saam kuier onder die sterrehemel - in ons tuine, langs die braaivleisvuur en die swembad of dalk selfs langs die rivier.

Maar voor ons mag begin kuier, moet ons nog vinnig ‘n paar funksies afhandel...

Die voorstelling van ons katkisante vind plaas op 7 November 2010 en ‘n week later is dit ons laaste Nagmaal vir die jaar. Hierdie is ‘n baie spesiale fees, want die katkisante kry die geleentheid om saam met die

dominee aan die Nagmaalstafel aan te sit en so hul eerste Nagmaal as belydende lidmate te gebruik.

Op 12 November 2010 hou ons Potjiekos in die kerk se tuin. Hierdie is 'n feestelike geleentheid waar heerlik gekuier word saam met vriende en familie. Die mans van die gemeente is verantwoordelik vir die maak van die potjiekos en veral die afval pot kry groot byval. Dan is daar ook nog 'n skenkel pot, 'n groente pot en heerlike gebraaide snoek om van te kies, om nie van die bykosse te praat nie! Hierdie is eintlik 'n lekker ontspanne aand vir die dames aangesien elkeen sy blikbord en –beker, wat by die prys ingesluit is, huis toe neem – so daar is geen opwas ter sprake nie!

Ons Kerssangdiens is elke jaar 'n feestelike hoogtepunt en die regte manier om ons in die regte stemming vir Kersfees te bring. Ek glo hierdie jaar sal geen uitsondering wees nie...

Elkeen van ons ken tog iemand wat eensaam en alleen is. Kom ons bring vreugde en blydskap aan daardie persoon se lewe hierdie Kersfees.

Ons wens elkeen 'n Geseënde Kersfees toe.

~ Ingestuur deur Hannetjie Janse van Vuuren, NGK Upington-Noord



Tadcaster Vrouediens vertel...

Tydens ons weeklikse middeljarige drafsessie is ek en my vriendin baie opgewonde toe ons die langverlore en langverwagte koringvoëltjie hoor sing! Wonder wie ken die koringvoëltjie? Kom hier in ons droë Noord-Kaap voor en het 'n baie bekende roep, veral vir die wat dit al ken. Wanneer hy egter hier by ons oor die koring en garslande kom roep is dit vir ons en die kinders soos 'n "selfoon – reminder". 'n

Rits gedagtes hardloop rond: Strooptyd – oestyd – vakansietyd – KERSFEES! Sooo bly ons geveerde vriendjie is terug.

Maar nou moet ek bieg dat soos ons ma's gewoonlik alles vooruit beplan, (ekstra klasse, netbal, rugby) is NUWEJAAR geen uitsondering. Kinders is dan in die een of ander proses van verandering. Laërskool word Hoërskool, Gr. 11 word matriekjaar en gr. 12 word eerstejaar! Ja nee, so word ons almal se "eendag" skielik "noudag"!

So moes ons 2 jr gelede vir oudste universiteit toe vat. Dit was sy tyd om soos die koringvoëltjie te vlieg! Wat 'n ongelooflike ervaring vir hom en vir ons. Die huis was skielik stiller, en groter, maar die arme tweeling se "back up" was weg. Voorwaar 'n groot aanpassing vir almal!.

Ouboet het blykbaar in sy eerstejaar vrek lekker begin vlieg..... wees gewaarsku ma's van eerstejaars! Net die Here en ek weet hoeveel "bargains" ons snags met mekaar gemaak het. Maar ag, die Here se liefde, genade en humorsin het alles oortref en ouboet sal hopelik volgende jaar ' suksesvolle derdejaar wees. 'n Mens is seker nooit voorberei op hoeveel 'n mens hulle sal mis nie, maar daar is ook niks meer bevredigend as om hulle elke aand aan die sorg van die Here op te dra nie.

Intussen beleef ons nog 'n fase! Ons premature tweeling is volgende jaar in matriek. Op die oomblik probeer "ons" nog uitvind of "ons" mossies, swaeltjies of wat ook al is. Heerlik! Tog is dit maar met 'n tikkie benoudheid dat ons hulle laaste jaar aanpak. Waarheen volgende jaar? Wattter studierigting? En vir ons ..... Het ons allles geleer en gewys wat ons wou/moes? Gelukkig het ons nog die jaar om van mekaar te leer en om mekaar lief te hê.

Terug by die koringvoëltjie

Hoop ons kinders sal ook soos hy op hul eie tyd vlieg waar hulle moet wees. Dat hulle altyd veilig sal vlieg en die belangrikste ... dat ons hulle met soveeel liefde sal grootmaak dat hulle graag ook weer terug huis toe sal wil vlieg.

Mag die Here ons en ons voëltjie-kinders in die nuwejaar seën met sy ongelooflike liefde.



Philipstown – Ring van Hanover

Ons Kerssangdiens vind plaas op 28 November 2010. Du Preez en Jana Stolltz kom tree op en ons sien baie uit daarna.

Die 22 Oktober het ons ‘n baie geslaagde en wonderlike musiekaand beleef. Jan Elsenaar (orrel) en Paul Loeb von Zuilenberg (trompet) het ons vergas op pragtige musiek.

Prof. Von Zuilenberg is verbonde aan die UV. Hy het selfs met ‘n vuvuzela, waaraan ‘n meter lange tuinslang gekoppel was, Trumpet Voluntary perfek saam met die orrel uitgevoer.

Jan Elsenaar is ‘n bekende orrelis, orrelstemmer en orrelbouer van Brandfort.

Daar het ook verskeie kore opgetree, o.a. ‘n Dameskoor o.l.v. me Elize Zwiegers en ook die Vat Vyf kinderkoor van JPS o.l.v. me Inette Venter, albei van De Aar.

Dan het daar ook ‘n gemengde koor o.l.v. me Adelaide Boshoff van Orania opgetree. Die aand is afgesluit met ‘n massakoor – die De Aar, Orania en Philipstown koorlede. Hulle het **Die Koning kom weer** gesing, Pragtig!

Twee plaaslike inwoners, me Elfreda Malherbe en mnr Grant Davis het elkeen ‘n orrelstuk gelewer . (Toccata in F en Gigont Toccata, is onderskeidelik gespeel).

Mevv Erika Williams en Esmien Kruger het twee sangduette gelewer.

Dit was voorwaar ‘n aand wat nog lank onthou sal word.

Op 10 Oktober het ons ‘n gemeente-ete aangebied waar gemeentelede heerlik kon saamkuier en saam eet na die voorstelling van nuwe kerkraadslede.

Die afsluiting van die Gemeente Vroue vind plaas op Wo, 3 Nov en daarna sal die werksaamhede vir 2011 beplan word sodat ons die Nuwe Jaar vol moed en ywer op die regte noot kan aanpak.

Dan word daar ook nog ‘n gemeentekamp beplan gedurende die naweek van 12 – 14 Nov by die vakansieoord te Vanderkloof waar almal of in ‘n karavaan of in ‘n tent gaan uitspan.

Gedurende Feb 2011 beplan ons buurdorp, Hanover, ‘n Daniëlkonferensie. Iets waarna die manne kan uitsien.

Kersgroete

Irma de Jager

Ns: **Daar was 'n misverstand, Du Preez'hulle kom nie meer vir Kerssangdiens nie - probleem met bespreking-iets. Raoul Beukes kom nou en 'n jong outjie van Richmond wat van volgende jaar af by Mimi Coertse gaan klas loop, en sommer kore van naby**

M A A K ‘n VERSK I L

Die jaar 2010 is amper iets van die verlede. ‘n Splinter nuwe jaar vol uitdagings wink. As jy terug kyk na 2010 wat sien jy? Wat was jou belewing? Het jy **GELEEF** of bloot net-net **OORLEEF?** Het jy soms ook gevoel of die Here te ver is, soms getwyfel aan Sy bestaan? Is jy geweeg en te lig bevind? Bly deure vir jou toe, al skop en hammer jy

daarteen? Dink so daaroor, miskien wil GOD vir jou ‘n nuwe deur oopmaak! Miskien is jy op ‘n plek in jou lewe waar jy dink jy moet wees, maar GOD beplan dalk vir jou iets heeltemaal anders, iets nuut en spesiaal.

Bid en vra GOD wat is Sy wil vir jou. Hy belowe Hy sal ons antwoord en ons vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan ons nie weet nie! (Jeremia 33:3) Die Here sê ook Hy weet wat Hy vir ons beplan. Die Here wil vir ons ‘n toekoms gee, ‘n verwagting iets om na uit te sien! (Jeremia 29:11) God wil elkeen van ons gebruik, soms op ‘n heel ander manier as wat ons dink of beplan!

Ons almal beleef krisisse. Partykeer worstel ons jare daarmee, soms is die les kort en kragtig. Ons pyn, swaarkry, krisisse, groeitydperk, vuuroondbak-periode of parstyd is nooit vir God, ‘n geringe saak nie. Daar is ‘n doel. Al moet ons ook soms rondtas om God te vind, Hy is daar!

Daar is ‘n doel met ons almal, ons bestaan nie net maar nie. Die hoofdoel is om God te verheerlik in alles wat ons doen. As ons ‘n positiewe verskil in iemand se lewe maak, verheerlik ons ook God daardeur. As ons ‘n krisis met die hulp van God deurwerk het, en ons het ‘n pad van gesond word geloop, kan ons ‘n verskil maak in iemand se lewe wat nog daardie pad moet loop. Ons kan iemand anders by die steilte ophelp! As ons self deur ‘n spesifieke krisis moes werk, sal daar nie onrealistiese verwagtinge wees van dit het nou gebeur, kom daaroor nie. Jy weet wat was die intense pyn en emosie wat jy ervaar het. Jy gaan ook kan sê die tyd het nou aangebreek om aan te beweeg, want jy het daardie pad geloop. Die pad van herstel moet tree vir tree gestap word. Wie sal beter weet as die een wat self die pad moes stap.

As dit vir jou voel God wil jou as instrument gebruik in ‘n spesifieke situasie om ‘n verskil te maak, stuur asseblief vir my jou besonderhede, bv. Naam en Van, Selnr. Indien jy ‘n verskil wil maak, sms ‘n boodskap, of stuur ‘n e-pos. Laat weet ook wat is die terrein waar jy ‘n verskil maak, bv. probleem tiener, egskeiding, dood van kind, ens. As jy bv. al

'n miskraam gehad het kan jy iemand anders makliker help, want jou hart is daar in. As jy al deur 'n egskeiding moes worstel, kan jy iemand ondersteun, en kan hulle sien daar is lewe na die trauma. As 'n mens al dieselfde pad geloop het is jou woorde en troos nie oppervlakkig en niksseggend nie, dit spreek die taal van jou hart.

As jy 'n oor nodig het of ondersteuning soek, gee ook jou besonderhede, asook jou behoefte en ek stuur dit aan iemand wat al daardie pad geloop het.

In 2011 kan jy lewe in uitnemendheid. Jy is al een wat die keuse kan maak, al is dit met hulp. Kry beheer oor jou lewe, leef jou waardes, leef die lewensdoel wat God vir jou het uit!!

Die keuse is joune. Jou toekoms kan vandag begin, jy kies waarmee jy jou toekoms gaan vul. Al weet ons nie wat die toekoms inhou nie, God is daar! Verseker!!

My gebed vir elkeen van ons is dat God al ons grootste verwagtinge sal oortref as ons volgens Sy wil sal lewe en dat ons Sy wil sal ken vir ons lewe!! Bid asseblief saam met my dat ons deur hierdie omgee aksie binne God se wil sal optree, en so 'n verskil in iemand se lewe sal maak! Aan die einde van 2011 gaan jy sien hoe 'n groot verskil dit in jou eie lewe gemaak het!

Carina Benadé



Griekwastadnuus

Pastorienuus : Ds. Piet en Marlene Otto is nou een jaar in ons gemeente werksaam. Volgens Marlene was die aanpassing maklik en sy is opgewonde oor die pad wat hul vorentoe saam met die Griekwastadgemeente gaan stap. Nadat hul tydens hul eerste jaar van bediening in die gemeente hulself vergewis het van wat alles gedoen word en hoe dit gedoen is is sy steeds oortuig dat nuwe projekte nie net aangepak gaan word om iets nuut te doen nie, maar dat alles wat in

hierdie gemeente gedoen word aangepak sal word deur na God te luister en dat God se wil voortdurend gesoek sal word.

Die Vrouediens sluit hierdie jaar af met ‘n laaste vergadering op Nagmaalsondag en die ondersteuning van die plaaslike tehuis vir bejaardes word met die gee van geskenkpakkies aan die inwoners afgesluit.

Einde November vind die jaarlikse Kerssangdiens plaas. Ons orrelis van die afgelope amper 50 jaar, Gerrie Herselman, het pas haar 49ste Kersuitvoering klaar geskryf en nou oefen die koor kliphard om hulself vir die geleentheid voor te berei.

Die kerk word jaarliks deur blommerangskikkings in die liturgiese ruimte in ‘n sprokieswêreld omtower. Daar is altyd ‘n sentrale tema wat deur die rangskikker uitgebeeld word en jaarkliks staan mens verstom oor die kreatiwiteit van ons lidmate.

Vanjaar is die tema “Hy wat gekom het, kom weer”. Hierdie keer eindig die aand nie met die sing van ***Stille nag*** nie. Dit is maar net die begin van vanjaar se diens. Die geleentheid bestaan vanjaar uit twee hoofdele met ‘n brugpassasie. Eers word die geboorte van Christus aangekondig deur voorlesings en sang. Dit word gevolg deur ‘n tablo met die herders en die geboorte. Die tweede deel begin met die woorde, “ Kind wat eens die dood moet erwe, aan die Kruis verlate sterwe. Ja, ‘n swaard sal deur my hart gaan, as ek by die vloekhout staan”. Hamerhoue op hout met die kerkkoor wat daarna “Were you there when they crucified my Lord” sing laat die spanning opbou totdat die gemeente teen die einde die diens met begeleiding van die koor en doedelsakspeler Raymond Allen van Kimberley met die lied ***Ek sien ‘n Nuwe Hemel kom*** afsluit.

‘n Solo deur die orrelis, begelei met die orrel en mandolienspel, die gebruik van tamboeryne en simbale, koorsang en deurlopende deelname deur gemeentesang voorspel dat dit weer ‘n geslaagde poging met deelname deur die hele gemeente gaan wees.



'n HEERLIKE SOMER-KERSFEES IN NEILERSDRIFT

In ons Gemeente is Kersfees, naas Paasfees vir my persoonlik die wonderlikste tyd. Na die dolle gejaag van die laaste kwartaal is ons Kerssangdiens soos 'n lafenis langs die pad. As ek daar sit en ek luister hoe almal God met hul stemme loof, kom lê daar 'n heerlike vrede in my hart. Dis tyd om die Adventkerse uit te haal. Die eerste drie Adventsondae steek ons drie blou kerse aan, wat ons Gemeente se ***afwagting*** simboliseer vir die Wonder- Geboorte van ons Heiland. Die vierde week steek Ds. Kassie die Rooskleurige kers aan, om ons ***vreugde*** te toon dat ons, ons Verlosser se Geboorte mag herdenk.

In die middel van die Krans wag die groot wit kers geduldig.....dis die ***Christuskers***. As hierdie vlammetjie begin brand, weet ons , "***die Stille nag van vreugde, onder die Suiderkruis"*** het aangebreek. (Lied 358 in die Liedboek)

Ons aardse herder is 'n vaardige timmerman. Hy het dit alles op 'n olienhoutstomp (die kosbaarste hout uit ons omgewing) gemonteer. Tydens die ballingskap van die Israelliete het net die dooie stomp van die stam van Isaï oorgebly.

Met Christus se geboorte het die profesie waar geword, daar het weer 'n groen takkie uitgespruit.....***Jesus is gebore.*** Elke Sondag se vars olienhouttakkie sê vir ons: "Gaan uit en gaan vertel daar buite van die Wonder van Kersfees".

Ons Gemeente wil graag almal daaraan herinner dat dit ons (die Sinode van die Noord Kaap se Gemeentes se) verantwoordelikheid is om aan ons nageslag te vertel dat die gekommersialiseerde beeld van Kersfees nie die ware beeld is nie. Jong kinders is so ontvanklik en leer so maklik. Leer hulle die Christelike tradisie van Kersfees. Dat ons die heerlike kuier met familie, die vreugde van geskenkies gee en ontvang, die feestelik versierde kerstafels wat kreun onder tradisionele geregte

MAG geniet. Ons moet Die Groot Wit Christuskers net altyd met ons saam neem .

Ons wens julle ‘n Koos du Plessis se héérlike Somer Kersfees toe.

Neilersdrift-groete,

Annemie Baard

KERSFEES IN HOPETOWN!

In Hopetown loop Kersvader vroeg reeds! Ons begin ons aktiwiteite vir Kersfees reeds op 5 November , met ‘n reuse KERSMARK!!! Dit is ‘n joligheid wat niemand in die omtrek wil misloop nie! Van vroeg die oggend reeds , brand die vure hoog! Die musiek speel, die kerkterrein is feestelik getooi en almal wat leef is doenig! Ons het ‘n veeveiling, waterkaskenades, kaskarwedrenne, vermaak vir die kinders van alle groottes!, klein konsertjies word deur die skoolkinders self geiinisieer en opgevoer! Hulle is net so opgewonde oor die Kersmark jaarliks! Dan is die wyke ingedeel in sekere stalletjies waarvoor hulle verantwoordelik is, soos pannekoek, koeldranke, teetuin, en dan natuurlik die GROOT vleisafdeling! 2500 sosaties, 60 skape, 3 beeste, en 1 vark word hierdie jaar verwerk, gedeel in braaivleis, sosaties, wors, rou vleisbestellings en verkope op die dag! Net om hierdie vleis verwerk te kry, is daar ‘n doenigheid van die Maandag voordat die Kersmark die Vrydag plaasvind! So gemeenskapsbetrokkenheid kry hier nuwe gestalte! Plaaslike kunstenaars tree op op die verhogie onder ‘n groot Markiestent, en die hele dag is daar ‘n joligheid! Ons het hierdie jaar ook vir Leon Ferreira, die komediant, wat kom optree. Deur die loop van die dag is daar allerhande stalletjies van buite uitstallers, wat gereël is om Kersgeskenkies by die dosyne beskikbaar te hê! Die hele kerksaal word opgedeel in stalletjies van alle geure en kleure! Regtig ‘n mini-fees!!

Die hoogtepunt hierdie jaar, is die gemeente Konsert, wat half 9 die aand plaasvind! Almal sien baie uit na ‘n heeeeerlike dag vol van pret en plesier!

Die diens van barmhartigheid sorg jaarliks vir tuisgebakte koekies wat keurig verpak is, wat aan elke Senior burger in die gemeente uitgedeel word. Ons Tehuis vir Bejaardes, Silwerhof, het ‘n Kers ete, en die wyke bederf hulle ook in besonder gedurende die Kerstyd.

Die gemeente hou aan die begin van Desember ‘n lekker informele bring-en-braai in wyksverband op die Kerkterrein, om sodoende die Kerstyd in te lei, en werksaamhede van die jaar af te sluit. Dan word daar heerlik oor en weer gekuier tussen die gemeentelede. Aan die einde van die braai, stap die mense deur die dorp, of ry agter op bakkies, en sing Kersliedere.

Die hoogtepunt, voordat dit Kersdag is, is jaarliks die Kerssangdiens. Dan word daar die allerpragtigste blomme gedoen in die kerkgebou, en ‘n programmetjie word gereël, om Kerssangdiens jaarliks iets BESONDERS te maak. Hierdie jaar is weereens geen uitsondering nie, en Ilse Nel , en ‘n aantal lede van Du Preez Stols se sangskool, gaan hierdie jaar kom tree op tydens hierdie geleentheid, wat DV op 28 November plaasvind. Almal sien baie uit hierna!

Laaste maar nie die minste nie, is die hoogtepunt op Kersdag, waar daar altyd ‘n treffende kerkdiens is, waar ons intens bewus is van die WONDERLIKE gebeurtenis wat ons elke jaar herdenk!



KERSFEES IN DIE DUINE

Die Askham/Noenieputgemeente in die Kalahari is skynbaar die kleinste gemeente in die Noord-Kaap met ‘n eie predikant, maar dit weerhou nie hierdie uitgestrekte boerderygemeenskap om hulle gemeentelike pligte na te kom nie. Die twee koppe van die gemeente maak jaarliks beurt om

hulle dankoffer basaar te hou, en dit was so pas Askham se beurt om hulle slag te lewer. Dit het ‘n einde aan ‘n baie besige gemeentelike jaar gebring. Al die eer aan Ons Hemelse Vader wat dit weereens ‘n groot sukses gemaak het.

Weens die uitgestrektheid van die gebied en die uiters slegte paaie, word geleenthede waar moontlik saam aangebied. Tradisioneel word die werksaamhede jaarliks feestelik afgesluit met ‘n Gemeentelike Kersafsluitingsfunksie waartydens ‘n Kerssangdiens gehou word en die gemeente direk daarna saam eet. Die wyke maak beurte om die Kersfunksie aan te bied en geen moeite word ontsien om dit vir almal ‘n ware Christusfees te maak nie. Hierdie jaar word ‘n opvoering van die Kersboodskap, onder leiding van ds Frans Fouche, tydens die Kerssangdiens beplan waar van die gemeentelede en –kinders gaan deelneem. Waar die gemeentelede verlede jaar gevra is om geldelike bydraes i.p.v. geskenke te bring, is hulle hierdie jaar gevra om ten minste 3 items nie-bederfbare kruideniersware/toiletware te skenk. Die opbrengs gaan aan ons doofstom koster en sy doofstom-en-blinde vrou vir Kersfees geskenk word. Hy is die beste koster waarvan enige gemeente net kan droom. Verlede jaar se opgaaf is aangewend om vir sy oogtoets en bril te betaal. Die kinders kry darem almal kersgeskenke van Pa en Ma.

Askham is vir die laaste 3 jaar geseend met sy eie privaat skool wat beteken dat die mammas saam met die kinders vir 2 aande van die week op Askham woon. Dit beteken nie net baie goeie onderwys vir ons Kalahari kinders nie, maar mammas wat baie betrokke en byderhand is en kleintjies wat die koshuis op so ‘n jong ouderdom vryspring. Die groter kinders is egter nie so gelukkig nie en moet maar koshuis toe vir hoërskool op Upington. Hiervoor het die ouers ‘n baie goed georganiseerde saamryklub gestig.

Een van ons gemeentelede het verlede jaar ‘n koor in Askham se Kleurlinggemeenskap gestig wat wyd en syd hulle talent trots vertoon en pryse losslaan. Aan die einde van die jaar gee hulle dan ‘n uitvoering op

die dorp waarheen almal uitgenooi word. By die plaaslike supermark staan ook ‘n groot kartondoos waarin enigiemand produkte kan laat wat aan die armer mense in die woonbuurt uitgedeel word. Die Kerkraad het so pas ook ‘n bedrag van R500 per maand vir die doel bewillig.

Soos die meeste boere in die Noord-Kaap, word daar maar oor die Kerstyd tuis op die plaas gebly – eendersyds omdat die werksmense dan hulle vakansie gegun word en andersyds wil almal tuis wees as die eerste reën val. So vier ons dan gewoonlik Kersfees in die rooi Kalahari duine. Mag hulle hierdie jaar donkerrooi nat wees!!

SOLI DEO GLORIA

(Aan GOD alleen die eer)

Manda de Wet (NG Gemeente Askham/Noenieput, KALAHARI)

NG Gemeente, Kimberley (Newton) groet 2010

Die jaar 2010 is so te sê agter die rug. As ons terugkyk, kan ons net met dankbaarheid getuig van God se liefde en genade.

Tydens ons basaar op 4 & 5 Junie vanjaar, het ons die nuutgestigte NG Gemeente Bet-El ook betrek en was dit ‘n groot voorreg en fees om hul saam met ons te kon hê. Bo en behalwe ons gewone aktiwiteite, het die vrouediens ook uitstappies vir die gesin gereël as deel van ons Moedersdagvieringe na Magersfontein, en ook ‘n Saterdag oggend na Tarentaalrand buite Kimberley waar ons gaan kyk het hoe die leeus gevoer word. Diegene wie nie te bang was nie, kon ook van die klein leeuwelpies optel en streel.

Maar eintlik moet ons nie stilstaan om terug te kyk nie, want dalk verander ons ook in ‘n soutpilaar soos Lot se vrou. Ons moet vorentoe kyk – na die ster van Betlehem, en uitsien na ‘n helder somerkersfees en ons opnuut verbly in die koms van die lewende Jesus.

Op Sondag, 21 November vind ons gebruiklike Kerssangdiens plaas en gaan die deurkollekte ook spesiaal vir die kersprojek van die kinderhuise. Op 4 Desember bied die vrouediens ‘n kersmark aan en op 5 Desember, vind daar ‘n semi-gospel konsert in die kerk plaas gelei deur ons eie begaafde Dr. Lukas Basson. Op 25 Dessember is die Kersdiens om 08:00 die oggend en op 31 Desember word die middernagdiens om 23:30 gehou.

Ons wil hiermee graag ‘n gedagte rondom vroueharte deel met ons mede-susters in Jesus:-

VROUEHARTE verstaan mekaar en daarom ondersteun hul mekaar. Hul is altyd daar vir mekaar en dra mekaar. VROUEHARTE maak moeilike tye hanteerbaar, lekker tye heerliker en die lewe makliker. Vir almal wat ‘n sagte plekkie in jou hart het, kan jy hierdie gedagte mee deel. Daarom dra ek met LIEFDE jou in my GEDAGTES, HART en GEBEDE. Met LIEFDE vra ek SeëN oor jou en los jou met OORGAWE in God se hande en sê DANKIE, want ek weet HY HOU JOU VAS.

Aan al die lesers van die Pienk Boekie: Mag jul ‘n baie geseënde Christusfees vanjaar ervaar en mag 2011 net voorspoed, geluk en vrede meebring in ons sonskynland.

Groete uit die hart van Kimberley.

Retha Nagel

VROUEDIENS PLOOYSBURG KERSFEES

Die Vrouediens bied tydens ons jaarlikse Kerssangdiens wat in November plaasvind, ’n ete vir die hele gemeente aan, waar ons lekker saam kuier, alreeds in ’n Kersfeesstemming, nadat ons soos een groot koor die Here saam verheerlik het.

Ons dames skenk ook eetgoed en kontant vir die inwoners van Yonder, wat nie huis toe kan gaan oor Kersfees nie.

In Desember word 'n kers-ete aangebied vir plaaswerkers en hulle gesinne deur van die gemeentelede.

Ons gemeente kinders is reeds almal van graad 1 af in koshuise elders, aangesien ons nie 'n skool op die dorp het nie.

Kaartjies met bemoedigende versies word gegee aan elke matrikulant met goeie wense vir die eksamen, asook vir die graad 1 kinders en kinders wat gaan studeer of werk.

Vriendelike groete

SKRIBA: NAMENS VROUEDIENS PLOOYSBURG

VROUEDIENS JAN KEMPDORP

Na 'n baie bedrywige 2009, was dit asof ons net nie aan die gang kon kom in 2010 nie!
Maar by terugskouing, het daar darem nie niks gebeur nie. Van ons dames het musse, handskoene en truie gebrei dat die stof behoorlik staan, om klein koue lyfies die winter warm te hou.

Ons het ook 'n TV en DVD speler, met christelike DVD's aangekoop en dit by die plaaslike hospitaal laat installeer, om die vigswesies besig te hou gedurende hulle besoeke aan die hospitaal.

Dan is die vrouediens 'her-ingedeel' met die oog daarop om meer dames betrokke te kry, hier het ons verskillende bedieninge op die been gekry, nie net die gewone nie.

1.Daar is van die ouer dames, wat met ELKE begrafnis help eetgoed maak en tee skink.
2.Dan is daar dames, wat elke Sondag na kerk tee skink, en so hulle deel bydra.
3. Die spysenieringsafdeling is ook hard aan die werk.
4. Ons gemeente het begin om na elke Nagmaalsviering ‘n informele bring-en-braai by die kerksaal te hou, wat baie gewild is, en daar word dikwels tot laat Sondagmiddae onder die bome gekuier, hier is ook ‘n spesifieke groep voor verantwoordelik.
5. Die Jeugbediening is baie bedrywig.
6. Die siekebesoekbediening doen ‘n wonderlike werk, om siekes tuis te besoek.
7. Die DVB soos bo reeds genoem, is altyd aan die werk en uitkyk vir behoeftes om in te probeer voorsien.
8. Die ouetehuisbediening, is deur die jaar bedrywig en behulpsaam by die plaaslike Huis Andalusia, hetsy met bidure of fondsinsamelings.
9. Daar is self ‘n groep wat vir die kombuis en opruiming verantwoordelik is.
So is daar maar elke dag en elke week te veel om te doen, en ons Prys die Here vir soveel gewillige hande en harte.

Van hier in die Vaalharts gebied aan al die ander gemeentes:
‘N VREUGDEVOLLE EN WONDERLIKE CHRISTUSFEES WORD AAN ELKEEN TOEGEWENS. MAG JULLE WEER OPNUUT ONS VADER SE TROUE SORG EN GOEDHEID TASBAAR ERVAAR. GENIET ELKE OOMBLIK SAAM MET JULLE DIERBARES

KERSFEES SONDER KINDERS

Ek staan in die stoorkamer en kyk na die boks met die kersboom.

Sal ek … of moet ek maar los?

Vir die eerste keen gaan daar hierdie kersfees geen kind tuis wees nie. Al vier is die wêreld in, elkeen in sy eie koers. Net voor ek tranerig raak, besluit ek: Kom boom – kersfees is kersfees, met of sonder kinders.

Na 'n grot gespook staan die boom uiteindelik in die woonkamer. Vir die ma's met kleintjies wil ek net sê: waardeer daardie oorgretige onbeholpe handjies, sonder hulle gaan die swaar! Ek sleep die krat met versierings nader en met die uitpak kom die onthou.

Hier is die gipsvormpies wat hulle kleintyd gemaak het. Kyk die bont beertjie: Kleinsus wat maar 3 toe sy dit geverf het. En Ouboet se kersvader met al die fyn detail. Sussa se veerengeltjies lyk nog goed. Boetman se papierkettings het sowaar die jare se wegpak oorleef.

My kersboom word 'n onthou boom. Versigtig hang ek die herinerings een vir een op. Soos 'n ma maar is, begin ek my bekommer. Ek was nooit iemand vir preek nie, het ek genoeg gesê? Het ek die regte boodskap gegee toe julle uit die huis is?

Ouboet, gaan jy ok wees daar waar jy nagouditeur in die hotel is? Gaan jy die betekenis van kersfees onthou so tussen al die wêreldsheid? Toe hoor ek weer sy hoog-laag gr 9 stem die Kersdag wat oupa dood is: "Mamma dis mos waarvoor kersfees daar is – dat ons nie hartseer hoef te wees nie. Dis wonderlik dat Oupa op Jesus se verjaardag na Hom toe kan gaan."

Boetman, my paramedic, gaan jy veilig wees as jy so met die ambulans rondjaag? Die paaie is so onveilig. Sy onthoustem stel my gerus: "Ma, ek weet dis wat ek moet doen. Ek wil 'n verskil maak."

Sussa is by die see. Sy hou stranddienste. Gisteraand toe sy bel, kon sy nie ophou babbel oor hoe wonderlik dit is en hoe die kinders hulle harte oopmaak nie.

Kleinsus, die baba, au pair in Duitsland. Gisteraand het haar "baas" vir my 'n epos gestuur met 'n foto van haar en die kinders by die kerk se

kersspel. Hy noem dat dit wonderlik is om ‘n tiener te sien wat nie skaam is om Christenskap uit te leef nie.

Met die klanke van Boney M se kersmusiek kom daar groot vrede in my hart. Al gaan my kinders se geskenkies vanjaar onoopgemaak onder die boom bly staan weet ek: HY SAL VIR HULLE SORG. Die wete is my spesiale geskenk.

Anriette
Barkly-Wes

AUGRABIES EN KERSTYD

Die jaar is amper op ‘n einde en Kersfees lê en loer vir ons. So vinnig, so gou is die jaar verby! Ons is moeg maar tevrede met ‘n geseënde jaar agter die rug. Op Augrabies is Kerstyd *gee-tyd,liefhê-tyd en omgee-tyd.* Op 28 November bied ons ‘n ongelooflike Kerssangdiens aan en buurdorpe word uitgenooi. Ons loof en prys die Heer dan met oorvol harte vir dit wat Hy vir ons doen en gee. Die blye boodskap van Kersfees: *Joh 1:14 “ Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”*



Mag die God van Kersfees u ryklik seen in hierdie Kersseisoen, sodat u die ware vreugde en vrede van die Christuskind in u eie lewe mag ervaar.

Augrabies Vrouediens.

…om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. – Filip 3:8

NED GEREF GEMEENTE
DOUGLAS KERSUITVOERING

Die tema vir 2010 is *"Kreasie, krip , kruis en kroon"*

Deur middel van blommerangskikkings, voorlesings, koormusiek, die Inspirit sanggroep van Hartswater en instrumente, (viole, blokfluite, klarinet, Franse horing, trompet en doedelsak), word die tema van die skepping (kreasie), Jesus se geboorte (krip), kruisdood (kruis) en wederkoms (kroon) uitgebeeld. Die sentrale tema is die ongehoorsaamheid van die mens wat lei tot sonde, en wat deur Jesus se geboorte en dood, ons vrymaak om die ewige stad binne te gaan.

Die Kersboom expo (22-28 November) word deur die Douglas VLV tak en blommeklub, in same werking met die gemeenskap en gemeente aangebied. Die tema van die Kersboom expo is: 'n Sprokies Kersfees. Die Donderdagaand 25 November, bring die hele gemeenskap hul stoele, kerse en aandete vir 'n bring en braai by kersliedere en kerslig op die grasperk op die kerkterrein.

Die Sondagoggend (28 Nov) is 'n gewone Kerssangdiens. Die aand vind die Kersuitvoering plaas. Vir die uitvoering gaan voorsiening gemaak word vir genoeg sitplek - tente gaan buite op die grasperk opgeslaan word, en die diens deur middel van 'n groot skerm vertoon word, omdat daar verlede jaar ongeveer 150 persone moes omdraai, omdat die kerk oorvol was. Na afloop van die diens kan die kersbome in die kerksaal nog besigtig word, en gaan die gemeenskap heerlik buite saam 'n vingerete geniet.



Groete

Marthie



GRIEKWASTADNUUS

Mev Marlene Otto het met die laaste Vrouediensbyeenkoms van 2010 met ons gepraat oor die geestelike begeleiding van ons kinders. Al die gemeentelede is na die byeenkoms uitgenooi en selfs ‘n paar manne, onder wie ‘n hele paar belangstellende oupas, het na die boodskap kom luister.

Volgens Otto is kinders die grootste verantwoordelikheid van ouers so-wel as grootouers. Hierdie vreugde en verantwoordelikheid is egter ‘n ewigheidswerk wat beteken dat dit nooit mag ophou nie.

Alles wat die ouers nodig het om hul kinders geestelik mee op te voed en te begelei is in die Bybel. Die geestelike opvoedingstaak groei uit elke ouer se doopbelofte. Met die doop aanvaar ouers die verantwoordelikheid om hul kind geestelik te onderrig en laat onderrig. Die aanvaarding van hierdie belofte beteken ook dat kinders elke ouer se lewende geloof daagliks moet sien en ervaar.

Die tweede been van hierdie opvoedingstaak gaan gepaard met ouers se onvoorwaardelike liefde vir hul kind. Die twee beginsels, naamlik om die kind gelowig groot te maak en om hom onvoorwaardelik lief te hê hang egter nou saam met die ouer se persoonlike verhouding met God.

Kinderopvoedingsfases is in drie groepe verdeel. Tot en met ses jaar, ses tot 12 jaar en 12 tot 18. Otto het dit egter duidelik gestel dat dit nie altyd ‘n maklike taak is om kinders konsekwent by die gesin se reëls te hou en altyd kalm te bly nie. Ouerskap verg inspanning en wilskrag. Dit verg baie inspanning om reels neer te lê en dit daagliks toe te pas.

Effesiërs 5 vanaf vers 21 tot 6 : 4 gee aan elkeen ‘n duidelike riglyn vir ons optrede en die rolle wat ons as christene moet vertolk. Ouerlike gesag en die outoriteit van God mag nooit ignoreer word nie. Ons moet ons kinders met liefdevolle geduld leer, betrokke wees by ons kind en dissipline liefdevol toepas. Elke kind moet geprys en aangemoedig word sodat hy tot sy volle potensiaal kan ontwikkel.

Veral vir die jongste groep is dit belangrik dat ouers beskikbaar, vir die kind, sal wees. Dat ouers en grootouers daar sal wees vir die kind en die kind se vrae sal antwoord. Die vraag wat die kind vra moet direk beantwoord word deur net genoeg inligting te gee. Leer hierdie klein kinders om te bid en maak seker dat die geestelike inligting wat aan hulle oorgedra word op hul vlak is. Ons moet altyd onthou dat die kinders ouers moet sien lees en bid sodat hulle bewus kan word dat dit deel van ons daaglikse bestaan is. Al is hierdie kinders klein moet hul ook leer dat ongehoorsaamheid sonde is. Kinders verstaan baie vinnig en goed, daarom is dit baie belangrik om hul van kleins af die regte inligting te gee en hulle reg te leer.

Veral vanaf ouderdom ses tot 12 is huisgodsdiens baie belangrik. Gebed en die aanspreekvorms vir God is van die belangrike beginsels wat hier ontwikkel en uitgebou word. Hierdie groep kinders moet baie duidelik ingelig word oor wat sonde is. Hulle moet ook leer dat daar vergifinis is, maar dat sonde by die naam voor God bely moet word.

Kinders begin rondom die ouderdom tien tot 13 abstrak dink en dit is dan ook tydens hierdie jare wat hul regtig begin verstaan van Jesus. Dit is dus belangrik dat ouers beskikbaar sal wees om die kind se vrae te beantwoord en hul op hul geestespad, wat vanaf hierdie ouderdom dikwels begin verdiep, te begelei.

Dit is ook van groot belang dat ouers kinders van hierdie ouderdomme leer dat om die Here te kies en ‘n christen te wees ook sleg kan en sal wees. Maats speel hier ‘n belangrike rol. Dit is juis daarom dat die kinders goed ingelig sal wees sodat hul hulself kan handhaaf en hul eie, regte, keuses kan maak.

Van die ouderdomme 12 tot 18 het ‘n ouer sy kind feitlik klaar geleer wat hy of sy kan. Hiervandaan verder kan die ouer slegs die kind se hand neem en die pad saam vorentoe stap. Die ouerlike gesag staan steeds vas in hierdie periode. Dit is die tyd in die kind se grootwordproses waar ouers bedag moet wees op die oophou van kommunikasiekanale. Dit is ook belangrik om,veral in hierdie fase van

die kind se ontwikkeling, te onthou dat jou kind nie soos jy is nie, maar ‘n unieke wese met sy eie persoonlikheid.

Ouers en grootouers moet bedag wees op geleenthede wat God aan hul gee om kinders op hul geestelike pad te ondersteun en begelei. Grootouers kan en moet vir hul kinders bid ter ondersteuning in hul opvoedingstaak.

Alle ouers maak foute. God vergewe en verwyder dit wel. Ouers moet in biddende afhanklikheid van God hul opvoedingstaak aanpak. God seën die wat Hom liefhet tot in die duisendste geslag.

Christel Steenkamp

Leer jou kinders hoe die liefde werk: Leer hulle verantwoordelikheid en respek. As jy nee gesê het, bly daarby – maar glimlag. Respekteer hulle privaatheid.

Aangehaal.



Hier is nog twee onfeilbare “Ek-het-jou-lief” aanwysers:

Luister na wat jou kinders sê (ook na wat hulle nie sê nie)

Laat hulle vry om self te vlieg.

- Mini Stories -

BOODSKAPPE VIR HUISVERLATERS

My liefste kind

Nou is jy oppad. Ek kan dit nie glo nie. Dit voel soos gister toe ek en jou ma jou by die skool afgelaai het en jy nie jou ma se hand wou los nie. Jy het darem op jou tande gebyt om nie soos party van die ander kleintjies te huil nie, maar toe ons later in die kar sit, ek en jou ma, het óns trane geloop.

Alles het net te vinnig gebeur: te gou was jou laerskooldae verby, die hoërskool met al sy keuses – veral die vakke en die vriende – het soos 'n gedagte verbygeglip. Toe ek my kom kry was dit die matriekafskeid (wat 'n vrolikheid was dit nie!) en die eindeksamen. Nou is ook dit agter die rug. En jy is oppad. Ek sien die nuwe lig in jou oë, die versigtige opgewondenheid. En die onsekerheid, die stukkie vrees vir die onbekende. Ek ken jou mos, agttien jaar reeds.

Mag ek maar 'n laaste keer vir jou preek, soos net 'n pa kan? Net twee ou dingetjies, asseblief?

1. Jy sal gou agterkom – as jy dit nie reeds weet nie – dat jou nuwe bestemming groter is as die ou plekkie waaruit jy kom. In elke denkbare opsig. Daar sal meer mense wees, groter drome, vreemde uitdagings, nuwe keuses. Dit alles gaan groter eise aan jou stel as dié waaraan jy gewoond was. Wees elke dag daaroor bly! Ek is daarvan oortuig dat jy dit goed sal hanteer, dat die hele ondervinding van 'n groter plek vir jou *goed* sal wees.

2. Het jy al gehoor hoe ons, ek en jou ma, soms praat van *die goeie ou dae*? Hoe ons daarna verlang, hoe ons met groot nostalgie en deernis daarna verwys? Dit is presies die dae wat jý nou gaan beleef – die lekkerste tye van jou lewe. Geniet dit, met oorgawe! Jy moet die beste

daaruit haal, en jou beste daarvoor gee. Dit gaan so bitter vinnig verby, glo my maar.

O, ja, en daar is ‘n derde ding ook: Jy is die Here se kind – daardie dag toe jy gedoop is het Hy belowe dat jy aan Hom behoort. Die Here se kinders maak almal foute, hulle doen dom dinge, partykeer slaan hulle sommer ‘n simpel koers in. Maar jy bly sy kind. Hy het dit belowe. Hy sal dit nooit vergeet nie. Jy moet ook nie.

Veilige reis, kindjie! Ons is onbeskryflik lief vir jou.

Jou pa en jou ma

(Ingestuur deur Ds. B Vos Warrenton)

BOODSKAPPE VANAF GEMEENTES:

KIMBERLEY NEWTON:

En aan ons jongmense kan ons maar net die volgende sê:-

Wees ‘n Sonneblom, want ‘n sonneblom kan op die ashoop staan sonder om neer te kyk na die vuilgoed aan sy voete. Sy kop is altyd gedraai na die warmte van die son. Mag God se warmte jul ook so trek, dat jul oë altyd op HOM gevestig bly en jul Sy skoonheid aan die ashoop van die wêreld sal vertoon. Kyk altyd met verwagting op na HOM waar die lewenspaaie jul ook mag lei

UPINGTON NOORD GEE DIE VOLGENDE BOODSKAP:

As kinders die huis verlaat...

Lees Gen. 24:7 Die Here sal Sy engel voor jou uit stuur...

Vader ons plaas ons kind wat vandag die huis verlaat, in U hande.

Dankie vir die jare van gedeelde ervarings:

van saamlag en –huil, van familiegrappe en ernstige argumente,

van ‘n hond uit ‘n bos gesels.

Dankie vir die ontelbare tekens van U genade deur die jare.

Ons bring as ouers ons mislukkings en teleurstellings

met sy/haar opvoeding na U toe – herstel en genees dit tog, Here.

Leer ons nou die nederigheid om terug te tree

sodat hy/sy hul eie besluite kan neem.

Gee ons die wysheid, takt en liefde

om hom/haar te ondersteun sonder om opdringerig te wees:

om beskikbaar te wees, maar nie in die pad nie.

Neem ons kind in U sorg, Here,

want U liefde vir hom/haar is nog groter as ons s’n.

~ uit die Groot Gebede Boek

~ ingestuur deur Hannetjie Janse van Vuuren

Augrabies gee vir julle die "gebooie"

Volg net jou ma se "gebooie" en jy is op die regte pad: Hou jou stiltetyd elke dag. Moenie verskonings maak soos baie werk en vaakheid voor hou nie.

1. Behou die goeie gewoonte van elke Sondag kerk toe gaan.
2. Doen dit NOU
3. Wees BETYDS – deur betyds te begin
4. Dissiplineer jouself en kry jou studietye en metodes van die eerste dag af reg.
5. Kry jou prioriteite reg– jy is op skool of universiteit in die eerste plek om jou vir die lewe voor te berei.
6. Wat jy is en ontvan het, kom van Bo. Moenie jou eie beuel blaas nie – ander sal dit doen as dit die moeite werd is.
7. Moet niks doen waarvoor jy jou later sal skaam nie.
8. Vriendskappe, liefde, vertroue en agting moet jy VERDIEN, nie geskenke wat jy kry nie.
9. Wees lojaal teenoor jou God , jou gesin en jou vriende.
10. Wees bedagsaam en onselfsugtig teenoor jou kamermaat en vriende.
11. Jou hoogste roeping is om Christus te eer in jou spreke, handel en wand

... ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom.
Filip 2:13-14

KOM ONS LEES

Man Met Integriteit: Bybeldagboek Vir Mans
Ideale Kersgeskenk vir jou man/pa of oupa/

Die ouer wat jy graag wil wees

Geslaagde ouerskap bestaan daarin dat jy as pa of ma belangriker is as die dinge wat jy doen. Jou kenmerke vryf noodwendig op jou kinders af, daarom is die belangrik om daardie kenmerke te kweek wat jou ouerskap sal ondersteun

Met dié geskenkboek raak Nina Smit die hart van elke vrou aan. Die titel dui op die onbreekbare band tussen moeders en hul kinders, en oorspan ook geslagte om oumas en hul kleinkinders in te sluit.

"'n Moeder se liefde is soos 'n sirkel wat geen begin of einde het nie. Dit groei en groei en raak almal wat daarmee te doen kry." (Anoniem.)

Die lewe het nie 'n "rewind"-knoppie nie!

"Jy mag maar jou koffie slurp of in jou piering gooi.
Jy mag met vuil voete uit die komposhoop oor ons wit mat loop.
Jy mag jou naels byt, vals sing, swak groente huis toe bring,
Die badkamer omkrap,
die nat vloer opdroog met my waslap...
Jy mag maar snags hard snork, oor koue voete brom... As jy net terug kan kom"

So lees Hester Heese se bekende gedig. Ja, hoeveel van ons het al gewens dat die lewe 'n "rewind" knoppie het. Dat ons kans kan kry om óór te leef: Om terug te gaan op ons spore en dinge ánders te doen. Dan kon ons dalk meer begrip toon, meer geduld hê en met groter deernis optree. Ons kon Dan meer aanvaar, minder kritiseer, meer luister, minder praat, meer omgee en minder ongenaakbaar wees...
Dan kon ons ons lewensspel oor speel, beter verhoudings bou en meer liefhê.

Maar nou weet ons: die lewe is toe nié 'n kleedrepetisie nie. Ons is nóú reeds besig met die finale verhoogstuk van ons lewens. Dis

'n wakker-skrik-gedagte wanneer ons besef dat ons ook in ons verhoudingslewe besig is met die finale spel. En vir ons almal is gister vir altyd verby... En môre ons dalk nie beskore nie. Tóg het Ons vandág! Hierdie dag is aan ons gegee sodat ons positiewe deposito's kan maak in die lewens van hulle wat aan ons geleen is. Daarom kan ons kies om - ongeag al ons onperfekte gisters - 'n groter rol in die liefde tussen mense te speel. Ons kan dit doen deur:

** Minder te veroordeel en ander met groter onvoorwaardelikheid te aanvaar. Ja, ons kan dit doen deur lief te wees vir die ander vir wie en wat hulle ís. Nie vir wat ons nog van hulle wil máák nie;*

** Minder krities te wees oor die kléín, onbelangrike dingetjies en meer ingestel te wees op die groot dinge wat wél reg, goed en bewonderingswaardig is;*

** Minder selfsugtig en selfgesentreerd te wees en ander se belange hoër as ons eie te stel;*

** Minder geïrriteerd en ongeduldig te wees en te bid vir 'n hart Vol sagmoedigheid, nederigheid en geduld; en*

** Minder humeurig, opvlieënd en haatdraend te wees omdat ons diep onder die besef is van God se sagte liefde en onverdiende genade in óns lewens.*

Onthou Albert Einstein se woorde dat nie alles wat getel kan word, Tel nie. En nie alles wat Tel, getel kan word nie. Gaan leef die maand vir die dinge wat regtig Tel...

(Anoniem)

Beplanning vir
DIE PIENKBOEKIE vir 2011:

Ons visie - Christen vroue leer, leef en dien met liefde – sal in elke uitgawe aangespreek word.

Verder beplan ons om 'n reeks oor *My verhouding met*...
Ds A. Du Plooy gaan ons vertel hoe ons verhouding met ander moet wees en ons verhoudings met ons kinders/skoonfamilie/ aangetroude kinders/ouers/vriende/bure/naaste ens. Ons sien uit na hierna.

Ons gaan voort met onsTeedrink tyd saam met gemeentes, sowel as "Die Here Voorsien" So ons wag vir julle artikels.

Verder gaan ds FD Hugo vir ons 'n reeks artikels doen: **HOE HANTEER EK MY WERKENDE KIND (wat nog in die huis bly) EN HOE HANTEER EK AS WERKENDE JONG MENS (wat by ouers in huis bly) MY OUERS**

Indien daar nog enige voorstelle is wat u graag in die boekie wil sien, stuur dit na jasnet@vodamail.co.za en ons bespreek dit met ons redaksievergadering in Februarie 2011.

Uit die sinodale kantoor en van uit al die gemeentes wil ons vir Jeanetta du Preez van die gemeente Lime Acres baie dankie sê vir haar toewyding en harde werk om van elke Pienk Boekie n pragstuk te maak! Ons waardeer dit uit ons hart uit. Jy is 'n ster!

19 Februarie 2011

vergader die Vrouelessenaar – Taakspan sowel as die Pienkboekie redaksie.

EERSTE NUUSBRIEF (FEBRUARIE/MAART 2011)

RINGE:

DEBEN; HOPETOWN; KIMBERLEY; UPINGTON

Sluitingsdatum vir artikels: 28 Februarie 2011

TWEEDE NUUSBRIEF (JUNIE/JULIE 2011)

RINGE:

HANOVER; GRIEKWASTAD; KENHARDT

Sluitingsdatum vir artikels: 13 Junie 2011

DERDE NUUSBRIEF (AUGUSTUS/SEPTEMBER 2011)

RINGE:

WARRENTON; CARNARVON; MAFIKENG; REIVILO

Sluitingsdatum vir artikels: 31 Augustus 2011

VIERDE NUUSBRIEF

ALMAL

Sluitingsdatum vir artikels: 31 Oktober 2011

Stuur artikels na: **jasnet@vodamail.co.za**
Faks: 0866524524
Kontak nr: 0824949536 (Janetta du Preez)

INSKRYWINGSVORM

VIR DIE PIENKBOEKIE 2011

Naam: .....

Adres: .....

Gemeente: .....

Kontaknommer: .....

Tarief vir 4 keer per jaar:

R35-00 per persoon.

Pos hierdie vorm asook inskrywingsgelde (tjeks uitgemaak aan: NG Kerk in Noord Kaap) aan;

SINODALE KANTOOR

POSBUS 1430

KIMBERLEY

8300

Nie later as 28 Februarie 2011.

VROUELESSENAAR –TAAKSPAN

L. Oosthuizen (Voorsitter); A du Plooy (o/voorsitter);
J du Preez (sekretaresse) H. Van Tonder;
M. v/d Westhuizen; N. Venter; R. Van Zyl; A. Gerrits;
Jeanne de Villiers en Sybil Fourie.

Samestelling van taakspan, kommissie

Een vrou per ring, tweejaarliks verkies tydens Vrouefees. Uitvoerende komitee word uit lede verkies. Huidige taakspan in 2009 saamgestel, dien tot 2011.

PIENKBOEKIE REDAKSIE

J du Preez(redaktrise); T de Vries; H van Tonder; L. Swart;
I de Jager; R van Zyl; R Nagel; T du Randt; B. Strauss;
H Leibrandt

Kontak besonderhede van Redaktrise:

Epos: jasnet@vodamail.co.za
Sel: 0824949536
Fax: 0866524524